



SOMMIGE STADSVADERS KLA DALK, MAAR GRAFFITI BRING TOENEMEND WELKOME
KLEUR NA DIE MEES ONWAARSKYNLIKE PLEKKE ...

Graffiti-rennaissance





Hoor jy dit? Die geluid van spuitkannetjies wat blitsig geskud word. Die sissende klank van die spuitverf. Sien jy dit? Die besigheidsman wat by die verkeerslig stilhou, sien dit. Die boemelaar wat sy karige besittings in sy trollie stoot, sien dit, en die kinders in die skoolbus sien dit. Hulle bewonder dit dalk – of veroordeel dit.

Graffiti word dikwels nog met vandalisme vereenselwig – en in wetgewing uitgewys – maar ry ’n

mens deur die boomryke voorstad Westdene in Johannesburg, of die nou strate van Woodstock in Kaapstad, word jy deur ’n ontploffing van kleur, vorms, letters, sosiaal-politieke kommentaar – en selfs realisme – begroet.

“As Picasso vandag gelewe het, sou hy waarskynlik op ’n muur gevef het,” sê Cale Waddacor, ’n graffiti-ghoeroe van Johannesburg en skrywer van die boek *Graffiti South Africa*.

“Graffiti is vir my soos die nuwe

Renaissance. Daar is ’n opbloeï, nie net in Suid-Afrika nie, maar regoor die wêreld. Die tegnieke en estetiese elemente wat in van die werke vervat is, verstom nie net in die graffiti-sirkels nie, maar ook die akademië en kunsurators van die fynere kuns.”

Die Westdene-graffitiprojek is juis ’n poging om diversiteit, kleur en geur na die buurt te bring. Dié projek het in Julie 2015 in ’n spontane ooreenkoms tussen huiseienaars en graffiti-kunstenaars begin.

“Dit het in ’n kleurvolle affêre ontaard wat totaal uniek in sy eie konteks is en skoonheid en kleur na banale woonbuurte se mure bring,” vertel Derek Smith, ’n graffiti-fotograaf en inwoner van Westdene. “Daar is geen ander woonbuurt in Suid-Afrika waar straatkuns en graffiti so openlik aanvaar word en gevolglik soveel samehorigheid tussen kunstenaars en inwoners kweek nie.”

Tot dusver is sowat 50 mure in die woonbuurt deur graffiti-kunstenaars versier. Huiseienaars kan hul mure aan die kunstenaars “skenk”, maar kunstenaars gebruik hul eie inisiatief oor wat op die mure gedoen word.

“Die projek se sukses is te danke aan die kreatiewe talent van die kunstenaars, wat bereid is om spuitkanne en hul tyd op te offer,” sê Derek.

DIE SKRIF AAN DIE MUUR

Die geskiedenis van graffiti gaan veel dieper as net die spreekwoordelike gekke en dwase wat skryf op mure en glase.

“Die Romeine het in antieke tye as’t ware hul besware op mure geskryf vir die owerhede om te sien. Dit was die hoeksteen van hul demokrasie,” sê Storm Brown, ’n kunsbestuurder en akademikus aan die Universiteit van Kaapstad. Vandaar die spreekwoord “die skrif



is aan die muur”.

Hedendaagse graffiti het sy oorsprong in die New Yorkse buurt The Bronx, waar kunstenaars in die 60's begin het om hul name op moltreine te verf. “Die treine het regoor die stad gegaan en die kunswerke só ten toon gestel,” verduidelik Storm.

In 1987 het Henry Chalfant, 'n Amerikaanse fotograaf, die eerste boek oor New York se graffiti-subkultuur gepubliseer, en dit het soos 'n veldbrand oor die wêreld heen versprei. 'n Jong graffiti-kunstenaar van die Kaapse Vlakte, Gogga, het ook 'n kopie gekry.

“Graffiti-kunstenaars was tydens die apartheidsjare – soos almal – van die res van die wêreld afgesny,” sê Storm. “Dit het grootliks in gebiede soos Mitchells Plain, die Kaapse Vlakte en Distrik Ses voorgekom en kunstenaars het geen benul gehad hoe om hul styl te verbeter nie. Als was op raaiwerk gegrond.”

Maar toe Gogga *Spray Can Art* in die hande kry, het daar 'n vloed van kreatiwiteit en innovering in Kaapstad gekom. Volgens Storm was

dit allermens misdadig. “Dit was vir hulle 'n uitlaatklep. 'n Manier om van die bendegegeweld en die dwelms te ontsnap en kommentaar oor wat tydens apartheid aan die gang was te lewer.”

Daar het gou meer *crews* (graffiti-groepe) ontstaan en dit het na die suidelike voorstede oorgespoel. Toe die 90's aanbreek en graffiti sy mark in die hiphop-kultuur vind, het dit cool geraak om op mure te verf, en was daar geen keer meer nie.

LYNE VERVAAG

Soos enige kunsvorm het graffiti ook subgenres. “Party kunstenaars wil graffiti-kunstenaars genoem word en ander wil weer straatkunstenaars genoem word, dit hang af wie jy vra,” sê Bias, 'n gesiene graffiti-kunstenaar in Johannesburg.

“Ek is byvoorbeeld 'n graffiti-kunstenaar wat nie noodwendig gesigte sal doen nie, en hou by tradisionele graffiti met letters. Kunstenaars soos Faith47 sal vir jou sê sy is 'n straatkunstenaar omdat

haar werke meer esteties is en elemente van realisme bevat.”

Storm stem saam, maar sê dit gaan ook oor die kunstenaars se agtergrond. “Hoewel FalkoOne (van Kaapstad) se werk hoogs esteties is en hy baie realisme toepas, sien hy homself as 'n graffiti-kunstenaar, want dit is sy agtergrond. Dit is waar hy vandaan kom.”

“Vir my was straatkuns nog altyd as jy stensils [soos Banksy] gebruik het, of *posters* en plakkers,” verduidelik Cale. “Graffiti was nog altyd waar jy jou naam op 'n muur sou skryf. Straatkuns het hierdie kunstige element daaraan, maar mense praat deesdae ook van graffiti as straatkuns en sal ook verwys na graffitikuns. Die lyne begin vervaag.”

Iemand soos Bias se werke kan oor Johannesburg heen gesien word. Hy is nog 'n tradisionele graffiti-kunstenaar wat sy naam met verskillende lae en kleure verf. Dis 'n tegniek bekend as *masterpiecing*. “Daar is eintlik drie vlakke van tradisionele graffiti,” verduidelik hy. “*Tagging* is waar almal begin; waar jy net jou naam op 'n muur sal verf waar ander dit kan sien. Dan kry jy *through-ups*, waar jy twee kleure sal gebruik en jou letters meer ingewikkeld maak, en laastens *masterpiecing*, wat meer vaardighede en kleure verg.”

As hy nie op mure verf nie, is hierdie graffiti-kunstenaar 'n argeoloog, maar hy sê die twee wêrelde is nie so ver verwyderd nie. “In argeologie moet 'n mens die lae verwyder om die geskiedenis te sien; in graffiti moet 'n mens lae opsit om die toekoms te voorspel,” sê hy van die kuns wat hy al 12 jaar beoefen.

Maar hoe het hy begin? “Ek het iemand se *tag* gesien,” sê hy. “Iemand in my woonbuurt het dit gedoen en ek was baie geïnteresseerd in tipografie en het besluit om ook só iets te waag, en toe het die gogga my gebyt.”

Soos die meeste kunstenaars doen Bias private werk vir mense, maar



DAAR IS 'N FYN LYN TUSSEN GRAFFITI EN STRAATKUNS. BALTAZAR RIBEIRO, OFTEWEL SNOW, IS 'N STRAATKUNSTENAAR WAT MET STENSILS SY WERKE IN PLEKKE SOOS MABONENG DOEN.



DIE GRAFFITI-KUNSTENAAR BIAS SE WERK IS ORALS IN JOHANNESBURG TE SIEN. HIER STAAN HY BY 'N KUNSWERK WAT HY SPESIAAL VIR TAALGENOOT AANGEBRING HET.

maatskappye sal ook van graffiti-kunstenaars gebruik maak om advertensies op mure te doen.

DIGITALE KUNSGALLERY

Met die koms van sosiale media het dié eens taboe kunspraktyk opnuut veld gewen. Soos baie kunstenaars het Bias 'n Instagram-rekening en hy spog met 8 400 volgelinge. “Dit help beslis om my werk daarbuite te kry,” sê hy.

Cale stem saam en voeg by: “Dit het graffiti op 'n heeltemal ander vlak gesit. In die verlede was jou ligging baie belangrik. Kunstenaars moes naby 'n hoofweg werk of waar daar baie voete was; nou maak dit nie meer saak nie.

“Kunstenaars verf nou hul werke in tunnels en verlate geboue, plekke waar mense selde kom. Dan sit hulle dit op Instagram en bereik, sê nou maar, 20 000 mense.”

Volgens Cale word kunswerke só verewig. “As jy 'n foto daarvan geneem het, is dit daar. 'n Ander kunstenaar kan kom en oor jou werk verf en dit gaan nie saak maak nie.”

WAKENDE OOG VAN DIE STADSVADERS

Hoewel graffiti al hoe gewilder raak, beskou die owerheid dit steeds as vandalisme. In 2010 het Stad Kaapstad nuwe graffiti-wetgewing in werking gestel wat van kunstenaars vereis om aansoek te doen voordat hulle nuwe werk produseer.

“Die keuring is streng,” sê Cale. “Kuns is subjektief en as hulle nie

hou van die idee wat jy in gedagte het nie, keur hulle dit summier af.

“Daar is ook 'n *graffiti squad* wat rondloop en graffiti verwyder. As jy iets doen en oor 'n uur teruggaan, is daai werk weg. Dit het baie van die Kaapse kunstenaars afgesit van graffiti omdat dit nie meer die moeite werd is nie.”

“Die wetgewing het die Kaapse graffiti verwoes,” meen Bias. “Baie van die Kaapse kunstenaars kom nou

na Johannesburg om werk te doen.”

In Johannesburg vier graffiti nog hoogty, maar die nuwe DA-burgemeester, Herman Mashaba, het glo ook sy visier op die graffiti-kunstenaars. “Tot dusver is dit net praatjies,” sê Cale. “Dit gaan 'n groot bakleiery afgee as hulle dieselfde hierbo wil implementeer.” ♡

TEKS EN FOTO'S:
JACQUES MYBURGH

'n Kennersmening

Taalgenoot gesels met die kunsresesent Johan Myburg.

Is graffiti kuns?

As 'n mens hedendaagse graffiti nié as kuns beskou nie, gaan jy probleme hê om iets soos oeroue rotskuns as kuns te reken. En Egiptiese hiërogliewe (as voorbeeld). As kunsvorm is graffiti as't ware merke wat “teen die grein in” gemaak word; wat dit heerlik leen tot medium vir proteskuns. Kunstenaars soos FalkoOne en Rasty het in Suid-Afrika graffiti tot 'n openbare muurskildery-status verhef. Maar dan het graffiti terselfdertyd, en in 'n ander konteks, die vermoë om as vandalisme afgemaak te word. Die plek waar dit aangebring word (meestal sonder toestemming) is gewoonlik die grootste bepalende faktor in dié debat.

Het projekte soos die Westdene-graffitiprojek 'n positiewe uitwerking in die gemeenskap?

As openbare kuns gaan sommige mense daarvan hou en dit promoveer, terwyl ander dit steeds as die produk van 'n subkultuur gaan beskou en daarteen beswaar maak. Soos met tatoes. Soos met my vel, só ook met my straatmuur, sal ek verkies dat iemand vooraf met my kontroleer voordat hulle merke daarop begin aanbring. Respek is nie onderhandelbaar nie.

Sal graffiti ooit as volwaardige kunsvorm beskou kan word?

Graffiti is eeue lank al 'n uitdrukkingsvorm wat in verskeie gedaantes beoefen word. Kuns is dit. Of dit goeie of swak kuns is, daaroor met die kyker oordeel. Ek kan byvoorbeeld nie dink dat William Kentridge se graffiti van 550 m in Rome – van die Ponte Sisto tot die Ponte Mazzini, al langs die Tiber op die sogenaamde Piazza Tevere – nié as kuns gereken word nie.